**MAANDAG 15 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 11:1-10**
**FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 11:10**

**Jefta – God gebruik mense, ongeag stand, agtergrond en vermoë**

Israel het weer gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here – die storielyn van die boek Rigters. Hulle hart-vergeetagtigheid maak dat hulle ook ander gode dien. Daarom gee God hulle oor aan die vyand. Die onderdrukking van Israel is die ergste nog – hulle is mishandel en vir ’n lang tyd (18 jaar).

In hulle nood roep hulle na God – maar dit is nie ’n hartsverandering nie. Daarom is God se antwoord hard – gaan vra julle hulp by die afgode. Die volk is slegs jammer oor die gevolge van die sonde as wat hulle berou het oor die sonde self. Hulle tree teenoor God op asof Hy een van die afgode is.

God se reaksie laat die volk besef dat hulle hart nie in hulle optrede is nie. Daarom hulle versoek in 10:15, wat anders is as die versoek in 10:10. Hulle soek God, al beteken dit dat hulle nog moet ly. Hulle verwyder ook die afgode.

God stuur dan sy redder in die persoon van Jefta – ’n onverwagse keuse. ’n Goeie krygsman, maar verder nie ’n goeie getuigskrif oor sy agtergrond nie. Seun van ’n prostituut, uitgestoot deur sy familie en gemeenskap. Leier van ’n klomp leeglêers wat hulle op georganiseerde misdaad toegelê het. God gebruik hom as redder van die volk. Die leiers van Gilead, hulle wat hom uitgewerp het, versoek hom om hulle leier te word. Jefta ontvang bevestiging van hierdie roeping (11:9, 10).

Sy lewe en agtergrond het God gebruik om hom voor te berei om verlossing te bring. Hierin is hy weer skaduwee van ons grootste Verlosser. Jesus het na sy eie gekom, maar sy eie het Hom nie ontvang nie (Joh. 1:11). Hy was in die wildernis en in elke opsig versoek, maar het nie gesondig nie (Heb. 4:15).

God gebruik mense, ongeag stand, agtergrond en vermoë. Hy maak bekwaam en gewillig en die werk wat Hy in jou begin het, maak Hy klaar. In Christus is ons meer as oorwinnaars.

*Sing: Psalm 98-1:1, 2*
*Dr. TC (Theuns) de Klerk (Okahandja)*